Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

OKTOBER 2015

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie en haar wenners

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie en Michael Rutzen

STAATMAKERS SKITTER BY GLANSGELEENTHEID TER ERE

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie en Kim MacLean (Sharklady)

Op Dinsdagaand 25 Augustus 2015 het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie tydens Overstrand se jaarlikse Aand van Uitnemendheid spesiale eer betoon aan daardie lede van die gemeenskap by wie die kuns 'om uit jou pad te gaan' 'n gewoonte geword het. By dié geleentheid het nie minder nie as een-en-twintig staatmakers toekennings ontvang vir hul uitsonderlike diens teenoor hulle medemens en hulle volgehoue pogings om die omgewing te beskerm.

Vrou van die Jaar, 2015

Te oordeel na haar bynaam "Sharklady", het *Kim MacLean* 'n passie vir haaie en het haarself as 'n waardige ambassadeur vir Overstrand bewys deur liggaam en siel te wy aan die bewaring van die omgewing, die bevordering van volhoubare ontwikkeling en om mense oral in die wêreld oor haaie op te voed.

Vanjaar se opvolger, Vanya Jones, fokus op bewaring van 'n heel ander aard: Sy bewaar die vrede. As stigterslid het sy gehelp om 'n nagwag in te stel wat grotendeels deur Kleinmond se jeug bedryf word en wat daartoe aanleiding gegee het dat misdaad aansienlik afgeneem het. *Hermine Groenewald* in die derde plek is 'n 80-jarige inwoner van Gansbaai wat steeds gehoor gee aan 'n lewenslange roeping om ontneemdes te help en wat 'n groot rol vervul het in die daarstelling van die Herberg-aan-die-See, 'n plek waarheen behoeftiges hulle kan wend.

Burgemeesterstrofee vir Omgewingsbewaring, 2015

Michael Rutzen, 'n professionele duiker met ongelooflike ervaring in duik, die bewaring van haaie en mariene navorsing, word geag as slegs een van drie mense in die wêreld wat sy liggaamshouding en liggaamstaal kan gebruik om tydens vryduike met grootwithaaie te kommunikeer. Hy is die borg en aanvoorder van die SharkSafe-versperringsprojek, 'n nuwe tegnologie wat aantrekkingskrag en visuele stimuli kombineer om haaie wat waarskynlik 'n gevaar vir mense inhou, af te weer.

Naaswenner Wilfred Chivell het 'n veilige hawe vir seevoëls in Gansbaai aangelê. Die African Penguin and Seabird Sanctuary is 'n eerste van sy soort in Overstrand. Alhoewel hierdie veilige hawe daargestel is om die bedreigde kolonies van pikkewyne te beskerm, kan dit ook enige beseerde voël behandel in die hoop dat die voël 'n beter kans op oorlewing sal hê.

Burgemeesterstoekenning vir Uitnemendheid, 2015

Spesiale erkenning vir hul buitengewone bydrae op die terreine van kuns en kultuur, sport, bemagtiging, opvoeding, jeugontwikkeling, bewaring en gesondheid en welsyn, of bloot omdat hulle as inspirasie dien vir die mense van Overstrand om deurentyd uitnemendheid in hul handel en wandel na te streef, is verleen aan:

- Ashwin Bissolati • Charlyn Vosloo • Fanus le Roux
- Fikiswa Gxamesi • Gabbi Jonker • Judy May Onker • Koos Kotze
- Lizma Kotze • Marelleen Matinka • Natasha Bredenkamp
- Prof G van Huyssteen • Teressa Jones • Tracey Chambers
- Tracey Gilmore • Tronel Meintjies en • William Ntebe

Ons salueer julle! Mag ons almal daarna streef om julle voorbeeld na te volg.

Blou Vlag met trots ontplooi: Grotto spog met vleklose rekord

Wanneer die Blou Vlag op 6 Oktober 2015 op Grotto ontplooi word, gaan meer as een aanskouer 'n traan pink.

Vyftien jaar gelede het WESSA (die Suid-Afrikaanse vereniging vir die bewaring van die natuurlewe en die omgewing) in samewerking met plaaslike owerhede besluit om erkenning te verleen aan daardie strande in die land wat onderneem het om die hoogste standaarde ten opsigte van kustoerisme en -bewaring te handhaaf.

Om 'n Blou Vlag te kan hys, moet strande aan nie minder nie as 33 kriteria voldoen wat te make het met watergehalte, omgewingsopvoeding en -inligting, omgewingsbestuur, veiligheid en dienste.

Vanjaar gaan die Blou Vlag vir die vyftiende opeenvolgende jaar by Grotto gehys word, en dit in die teenwoordigheid van die minister van toerisme, sy edele Derek Hanekom – 'n eer wat getuig van Overstrand se voorneme om Suid-Afrika se strande as van die beste in die wêreld te handhaaf.

Ter ere van die 15de herdenking van die Blou Vlag gaan brons-, silwer- en goue toekennings ook oorhandig word aan diegene wat vir jare reeds hulself tot die Blou Vlag-program verbind het.

ADDISIONELE HOF IN VOLLE SWANG

Op Maandag 31 Augustus 2015 is sy edele Chisholm Noble as die addisionele "munisipale" hof in Hermanus se landdros beëdig, wat beteken dat hierdie hof sy deure amptelik op 1 September geopen het.

In die toekoms kan alle verkeer- en munisipaal-verwante boetes op weeksdae van 08:00 tot 13:00 en 13:45 tot 15:00 by hierdie hof vereffen word. Oortreders word daaraan herinner dat hulle die oorspronklike boete sowel as hul ID-dokumente byderhand moet hê wanneer hulle 'n boete wil betaal.

LANGVERWAGTE ELEKTRIFISERING VAN OVERHILLS AFGEHANDEL

Op Dinsdag 1 September 2015 kon Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie die lewens van diegene wat in Kleinmond se informele nedersetting, Overhills, woon effe opkikker toe sy as 't ware die "ligte" aangeskakel het.

'n Hele rukkie terug het lede van die gemeenskap dit onder hulle wyksraadslid Lisel Krige se aandag gebring dat alhoewel hulle elektriese toebehore het, hulle sonder elektrisiteit sit. Raadslid Krige het dit toe op haarself geneem om hulle drome te bewaarheid deur steun vir die elektrifisering van Overhills by die Raad te werf.

Overhills is by die munisipaliteit se elektrifiseringsprogram ingesluit, en toe fondse in die 2014/15-boekjaar beskikbaar word, is dié projek in Oktober 2014 van stapel gestuur en in Augustus vanjaar afgehandel. Teen 'n koste van R2,5 miljoen is nagenoeg 376 huishoudings nou geëlektrifiseer.

In haar geleentheidstoespraak het Burgemeester Botha-Guthrie daarop gewys dat hierdie geensins 'n maklike taak was nie. Verskeie probleme moes die hoof gebied word – waarvan een was dat die huise wat onder Eskom se bestaande oorhoofse lyne opgerig is, eers verskuif moes word. Die uitleg van die terrein en die plasing van die bestaande huise het die installering van die nuwe elektriese oorhoofse netwerk ook aansienlik bemoeilik.

Wat haar egter die meeste bekommer het, was inwoners en veral kinders se veiligheid vir die duur van die konstruksietydperk, het die Burgemeester gesê. "Maar danksy verskeie vergaderings met Raadslid Krige, areabestuurder Desmond Lakey, personeel van die behuisingsafdeling en gemeenskap-sleiers kon ons nogtans daarin slaag om hierdie uitdagings die hoof te bied, en ek is veral dank verskuldig teenoor die inwoners vir hul positiewe ingesteldheid en geduld vir die duur van die oprigtingstydperk."

Sy het ook die konsultant, Aurecon, en die kontrakteur, Adenco, bedank vir hul toewyding en die positiewe insette wat hulle gelewer het met die oog op die afhandeling van hierdie projek.

Alle onwettige drade en onveilige verbindings wat elektrisiteit aan hierdie huise voorsien het, is verwyder en inwoners kan voortaan peil trek op 'n veilige en bestendige elektrisiteitsnetwerk. Ter afsluiting het die Burgemeester alle begunstigdes gemaan om "te verseker dat almal in die huis elektrisiteit suinig, verantwoordelik en veilig gebruik. Dit maak nou wel ons alledaagse lewe makliker, maar dit kan ook lewens en eiendom vernietig indien dit nie met die behoorlike sorg gebruik word nie," het sy gewaarsku.

JONG SWITSERSE PIANIS SKETS PLAASLIKE KLEURTJIE

O·A·K
overstrand arts • kunste

GABRIEL ARNOLD, 'n briljante jong pianis van Switserland, gaan die gehoor betower met sy uitvoering van die pragtige '*Song of the Whales*' wat hy sedert 'n onlangse besoek aan Hermanus gekomponeer het. Maar hierdie klavieruitvoering op Vrydag 23 Oktober beloof heelwat meer: Arnold gaan ook werke deur Mozart en Rachmaninov uitvoer, sowel as sy eie hoogs toeganklike *Impromptus*.

Die konsert begin om 19:00 in die burgersentrum se ouditorium. Kaartjies kos R120 (R60 vir studente) en is beskikbaar by die deur. Besprekings kan gedoen word deur BELLINI GALLERY by 028 312 4988 te skakel. Kontak René du Plooy by 082 940 4238 vir verdere navrae.

Gabriel Arnold